


# Seuns wat Groot Geword het om die Wêreld te Verander




Carl Linnaeus



Charles Fourier

Carl Linnaeus


(1707-1778)




Bufo bufo beteken padda. Ons is Homo sapiens en titanosaur  
Argentinosaurus huinculensis is die naam van 'n dinosourus  
wat so swaar soos 'n vliegtuig was.



Die rede waarom wetenskaplikes hierdie manier gebruik om lewende dinge te noem is danksy 'n man genaamd Carl Linnaeus, wat in 1707 in Swede gebore is.




Selfs toe hy klein was, het Carl 'n obsessie met plante gehad. Hy wou almal se name weet en hy het elke sekonde van sy tyd in die tuin deur gebring. Mense het gedink hy is vreemd.



Op skool was hy meer  
geïnteresseerd in die  
natuur as enigiets anders,  
so sy onderwyser het  
voorgestel dat hy medies  
studeer, wat hy wel gedoen  
het.




Een warm somer middag op universiteit het 'n professor hom gevind waar hy tussen blomme in die wetenskaplike tuin rond dwaal. Nuuskierig het die professor besluit om hom te toets.




‘Wat is dit?’ het hy gevra en gewys na 'n struik met pienk blare.

‘Kamperfoelie,’ het Carl dadelik vir hom gesê. Inheems aan Siberië en Oos-Asië. Moenie die vrugte eet nie; dit is giftig en jy kan dalk sterf.’






Die professor was verbaas. Hy het 'n ander probeer - Carl het dit geweet. En nog een – Carl het dit ook geweet. Die professor was so beïndruk dat hy vir Carl 'n blyplek gegee het, 'n biblioteek om te gebruik, en hom 'n onderwyser by die universiteit gemaak het.



Dit was toe dat Carl hard gewerk het om nuus te versprei oor 'n nuwe manier om dinge te benoem; die binomiale stelsel. In die stelsel het elke lewende wese op aarde 'n twee woord-naam.



As gevolg van hierdie stelsel sou wetenskaplikes regoor die planeet, wat in verskillende tale praat, weet wanneer hulle oor dieselfde plant of wese gepraat het.




Hy het dit ook vir ons baie makliker gemaak om sin te maak van die manjifieke wêreld van die natuur.




Charles Fourier

(1772-1837)



Toe sy pa dood is, het Charles genoeg geld geërf om die huis te verlaat en deur Europa te reis.



Hy was opgewonde om te reis omdat hy 'n filosoof was, wat beteken het dat hy die meeste van sy tyd gespandeer het om te dink en skryf, en hoe meer hy gesien het, hoe meer moes hy dink en skryf.



Die punt van al daardie dink en skryf was om te probeer om die wêreld 'n beter plek te maak vir almal daarin.





Terwyl hy met 'n perdekar deur Frankryk geratel het, het Charles gedink dat 'n ooglopende manier om dit te doen sou wees om vroue beter te behandel.



In sy tyd, meer as 200 jaar gelede, is vroue baie slegter as mans behandel. Hulle was nie toegelaat om hul eie goed te besit of hul eie werk te hê, of selfs in verkiesings te stem nie. Die meeste van die tyd moes hulle in die huis bly, skoon maak of kook.



Charles het gedink dat dit nie reg is nie. Hy het gedink dat ons almal dieselfde geleentehede in die lewe moet hê, maak nie saak wat ons geslag is nie.



Hy was nie die eerste persoon wat dit gedink het nie, maar hy het 'n woord daarvoor uitgedink en daardie woord het vasgesteek. Die woord was feminisme, wat eintlik net beteken dat seuns en meisies gelyk behandel moet word.



Sedertdien, danksy die gevegte wat deur baie dapper vroue geveg is, is ons baie nader aan gelykheid as wat ons 200 jaar gelede was.



Verbasend genoeg moet ons egter steeds die woord feminisme gebruik, want seuns en meisies word nie altyd dieselfde behandel nie. As jy dink hulle moet dieselfde behandel word, dan kan jy jouself 'n feminis noem.





THINK

DIGITAL ACADEMY